


Landlyn: (018) 473 5354 Faximile: 086 622 5363 E-pos: info@crossroad-ministries.co.za Adres: 94 Dickens Ave, Orkney, 2619
**Crossroad Gospel Message: FNB Account Nr 62355533540, Branch Code 250655**

# Drieka bid vir ons op haar eie begrafnis...





Ons dra hierdie Nuusbrief op aan Drieka wat op **3 Sept** oorlede is op die ouderdom van 51 jr agv kanker.

Drieka was 'n aktiewe lid van ons **NW Bikers Church as Charity & Hospital Leader**. Sy was ook 'n getroue **Kruispad Koning**. Drieka het met haar finansies vir Kruispad Boodskap instaat gestel om baie projekte aan te pak en God se werk op aarde te doen na die beste van ons vermoeë. Sy het altyd gesê: *"My TIENDE behoort nie aan my nie, dis God s'n...klaar!"*





Ter afsluiting van Drieka se begrafnis, het ons 'n uittreksel vir die mense gespeel van 'n opname wat sy 'n maand tevore in ons **Cross-road Studio** kom maak het. Dit is haar volledige getuienis en op die einde **het sy vir mense gebid dat God hulle sal bewaar en seën**. Hierdie gedeelte het ons tydens haar be-grafnis gespeel en dit was roerend om haar op 'n massiewe skerm te sien vanuit die AGS Oase in Klerksdorp...bid en seën mense vir oulaas op so 'n awesome wyse! **Die DVD sal binnekort beskikbaar wees en bestellings kan geplaas word by (018) 473 5354 of info@crossroad-ministries.co.za.**



Dankie vir elke biker wat deelgeneem het aan die **mass ride** en vir Jan Dup, CMA en almal wat gehelp het om alles so mooi te laat verloop. Ons waardeer werklik elkeen se bydrae!

Sy was vir ons nie net 'n vriendin nie, maar ook 'n **vrou van geloof wat volhard het tot die einde toe**. *"Ons sal voortbou op die legacy wat jy vir ons agtergelaat het Drieka! Ons weet jy is veilig tuis en ons kry die engele net bitter jammer....weet jy hou almal volstoom besig met al jou getuienisse!! (lol!)"*
**Tinus, ons weet dis vir jou nie 'n maklike pad nie, maar ons dank God dat jy weet waar jou hulp vandaan kom en dat jy, net soos Drieka, sal volhard tot die einde!**


---

**ONS INNIGE MEEGEVOEL AAN ELKEEN WAT OOK IN HIERDIE TYD 'N GELIEFDE AAN DIE DOOD MOES AFSTAAN...**

*Psalm 116:14-15 (Message)*

*I'll complete what I promised GOD I'd do, and I'll do it together with his people. When they arrive at the gates of death, GOD welcomes those who love him.*

# Ons neem ook afskeid van...




**Chickels Swart** is op **31 Aug'12** op slag dood in 'n botsing by die Fochville/ Carltonville kruising waarin nog 3 swart manne ook oorlede is. Chickels was ook maar net 60 jaar oud.



**Colin Wright** se dood op **7 Sept '12** was so 'n groot skok vir almal en veral vir sy pa, Johnny Wright wat ook lidmate is van die NW Bikers Church en op Wolmaranstad bly.
Colin was maar **21jr oud** en het die aand gery om gou ietsie by die kafee te gaan koop. Hy het by Johnny & Carol gekuier vir die naweek. 'n Paar minute later was daar 'n geklop aan hul deur en die nuus was skokkend: *"Oom Johnny, Colin lê dood langs die pad..."* Slegs 300m van hul huis het Colin uitgeswaai vir padwerke, beheer verloor, sy motor gerol en hy is op slag dood agv 'n nekbreuk.
Francois het Colin op **13 Sept'12** vanuit die **NGK Womaranstad** begrawe. Ons bid vir Johnny, Carol en hul hele familie soveel vertroosting toe, want weereens het die vyand die liggaam kom steel...







Colin Wright



Vincent Roux

**Vincent Roux** is 'n dag na Drieka oorlede op **4 Sept'12** nadat hy sy eie lewe geneem het en homself vergas het. Sy seuntjie Brian is maar 2 jaartjies oud en dit was so bitter hartseer om hierdie seuntjie by die begrafnis te sien speel voor in die kerk by sy pa se kis... onbewus van die harde werklikheid.



**Francois se boodskap was werklik 'n "eye-opener" en groot "wake-up" call vir ons almal....**

**Depressie het vir Vince gedryf na selfmoord, maar waar het dit alles begin???**

# Dit het begin by 'n LEUEN!

**Satan is die vader van die LEUEN en as jy sy LEUENS glo, word jy 'n slagoffer van hierdie aanvalslyn van die vyand!**

**LEUEN → VREES → AGRESSIE → ONVERGIFNIS → BITTERHEID → REBELLIE**

**SWAARMOEDIGHEID → DEPRESSIE → SELFMOORD...**

**LEUEN → VREES → AGRESSIE → ONVERGIFNIS → BITTERHEID → REBELLIE → SWAARMOEDIGHEID → DEPRESSIE → SELFMOORD!!!**

## LEUEN

***Johannes 8:44*** *Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en **staan nie in die waarheid nie**, omdat daar in hom **geen waarheid** is nie. Wanneer hy **leuentaal praat**, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n **leuenaar is en die vader daarvan.***

- Satan vang jou met 'n LEUEN... Dit lei gewoonlik na verwerping, minderwaardigheid, jaloesie, trots of hoogmoed en die volgende stap skop in...

## VREES

***Gen 3:10*** *En die mens antwoord: "Ek het U hoor wandel in die tuin en ek het **bang geword**, want ek is kaal. Toe het ek weggekruip."*

- As jy skuldig voel oor iets, dan skop vrees in! Jy is bang die waarheid kom uit en jy word blootgestel aan nog verwerping en en en...dan raak jy aggresief...

## AGRESSIE

***Gen 4:5*** *maar Kain en sy offer nie aangesien nie. Toe word **Kain baie kwaad**, en hy het sy hoof laat hang.*

- Kain se vrees vir verwerping het onmiddelik die woede in hom getrigger van die LEUEN wat hy geglo het..
- En kom ons kyk verder... Hy raak so aggressief dat hy Abel doodslaan en toe God hom weer konfronteer, raak hy weer kwaad en wat gebeur? Hy kan nie vir Abel of homself vergewe nie en hy is selfs vir God kwaad. Lees ook Efesiërs 4:27 *Gee aan die duiwel GEEN plek nie...*

## ONVERGIFNIS

***Lukas 6:37 (c)*** ***Spreek vry**, en julle sal vrygespreek word.*

- As jy nie kan vryspreek nie, plant jy die saad van BITTERHEID ...

## BITTERHEID

***Hebreërs 12:15*** *en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen **wortel van bitterheid** opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie.*

- en as die eers wortel skiet...raak jy 'n verkrampte, sieklike, neurotiese mens en jy stoot mense weg van jou af... Jy blameer dan die wêreld vir jou toestand en daarom begin jy REBELS te raak!

## REBELLIE

***1 Samuel 15:23*** *Want **wederstrewigheid** is 'n **sonde van waarsêery**, en **eiesinnigheid** is **afgodery** en beeldediens.*

- Nou is dit Jy teen die WYE Wêreld en NIEMAND verstaan jou nie. Jy glo al hoe meer LEUENS van Satan wat nog meer reaksie in werking sit en jy begin mismoedig en swaarmoedig raak...

## SWAARMOEDIGHEID

**1Samuel 1:8** En haar man Élkana sê vir haar: Hanna, waarom ween jy? en waarom eet jy nie? en waarom is jou hart bedroef?

- Hanna kon nie swanger raak nie (of so het die satan vir haar gelieg!) en sy het deur al die fases gegaan van vrees dat sy nie goedgenoeg is nie tot waar sy hopeloos wanhopig begin raak het. As mens nie die krag het om hierdie wanhoop te beveg nie...kom DEPRESSIE en hoor wat sê Job...

## DEPRESSIE

***Job 30:16*** *"And now my life seeps away. **Depression** haunts my days.*

- Depressie haal letterlik alle HOOP uit jou hart en hoor wat sê Dawid, want hy weet waarnatoe lei depressie...

## SELFMOORD

***Psalm 143:7*** *Come quickly, LORD, and answer me, for my **depression deepens**. Don't turn away from me, or I will **die**.*

- **Satan wil jou uitskakel...hy soek jou dood en hy begin by 'N LEUEN...wat GLO jy vandag?**






# Audio Boodskappe

Ons dienste word elke 2de naweek op CD opgeneem en is beskikbaar by ons kantoor of tydens ons dienste teen R20 elk.

Indien u graag wil bestel van hierdie CD's, kan u ons kantoor skakel by (018) 473 5354 of e-pos ons na admin@nwbikerschurch.co.za vir 'n lys van al ons temas.



# Ons besoek Ventersdorp 26 Augustus!







**Nou ja, julle wonder seker wat maak Francois hier onder die kerkbanke???**

**Wel, hy het net gekyk of iemand se naam nie dalk geskryf staan onder die stoel nie!** Jy kom mos partykeer in 'n vreemde kerk en as jy gaan sit op 'n stoel, word jy "vriendelik" gevra of gedwing om op 'n ander plek te gaan sit, want hier sit Tannie Sophie & Oom Jakobus al vir die afgelope 26 jaar!

**Francois se woord was hard en duidelik vir ons "kerkmense"...**

"Gaan sit op die vloer en maak plek vir die sondaars, want....

***"The Church is not a showcase for Christians, it is a Hospital for sinners!"***

*Dankie aan elkeen wat saam met ons gery het van Klerksdorp en ander dorpe. Ek dink dit was weereens 'n hoogtepunt in Ventersdorp se geskiedenis...hierdie keer was ons darem net op 'n ysterperde...en niemand het afgeval nie.*



***Tientalle siele het tot redding gekom en ons prys die Here daarvoor!***




# Kalender vir 2013

Ons is alreeds besig met **besprekings vir 2013** en daar is **minder as 13 naweke beskikbaar**.
Indien u as gemeente of bediening graag wil hê ons moet by u kom bedien, kontak ons so spoedig moontlik!

**Ons primêre bedieninge is:** Evangelisties, Apostolies, Profeties en ons doen Konferensies, Kampe, Opleiding, Werkswinkels (veral vir Praise & Worship spanne), Opelug Dienste en soos die Here ookal lei.

**Besprekings: Francois @ (018) 473 5354/ 079 4986099** of francois@crossroad-ministries.co.za

# Mannekamp op Leeukies 31 Aug - 1 Sept!

Hey, die Leeu van Juda lewe beslis in hierdie manne van Leeudoringstad! Dit was 'n Gideon's bende by-mekaar, maar die salwing en openbarings wat gevloei het, was onmeetbaar groot!



God kyk nie na getalle as Hy werk nie...Hy soek net 'n gewillige hart! Hierdie manne gaan verseker 'n hou slaan vir God se Koninkryk!




Ons bedank **AGS Leeudoringstad** vir die voorreg om hierdie manne te kom bedien. **Ps Gert Myburg** is die Presiderende Pastoor van hierdie groep helde en ons weet dat God hulle ook opgerig het om sy hande hoog te hou. Ons besef nie altyd watter geweldige taak dit is om 'n gemeente te lei nie en ons het Godsmanne & -vroue nodig om ons te ondersteun.




**Dankie aan elkeen wat verstaan watter groot verantwoordelikheid op pastore en bedienaars rus. Sonder julle gebede en ondersteuning raak die pad vir ons moeitevol en het baie pastore en herders al besluit dis nie meer die moeite werd nie. Meld aan vir diens in jou kerk!**

# KRUISPAD SAAI UIT OP KRUISKYK!

KYK
Afrikaanse Christelike TV-Kanaal

**Ons saai vanaf 14 September 2012 uit op Kruiskyk en ons uitsendings is elke Vrydag @ 10:30. Ons loof die Here vir die geleentheid om ook só die Kruisboodskap te verkondig! DVD's @ R50 (POSGELD INGESLUIT)**

**As jy nog nie weet hoe om jou DSTV dekoder in te skakel op kruiskyk nie, hier is die settings (bel ons asb as jy blond is en dit nie verstaan nie..lol!)**

Druk **menu**• Gaan na opsie **7 "Advanced options**" en druk **OK**•
Gaan na opsie 1 **"Dish installation**" en druk **OK**• Druk pin kode in **9949** en druk **OK**•
Gaan na opsie 2 **"Network 2**" selekteer **"Other**"• Gaan na opsie 6 "**Scan all Networks"**en druk **OK**

**Om na Kruiskyk te Kyk•**
Druk TV knoppie• Selekteer IS 7 opsie (Onder) en druk OK• Soek vir Kruiskyk

**Om terug te gaan na DSTV•**
Druk TV knoppie• Selekteer DSTV opsie (Bo) en druk OK•
Kies u DSTV kanaal

**Indien u gelei voel om finansieël te help om hierdie program te borg, ons het dit werklik nodig! Kontak René by 073 258 2688 of (018) 473 5354**




## Ons volgende Profetiese Vrouekamp vind plaas vanaf 26 tot 28 Oktober 2012 in Barkley-Wes op die Deo Gloria Kampgronde!

- Ons het ook reeds **busse bespreek wat op die N12 roete loop** tussen Pretoria en Barkly-Wes! Ja, ons vroue kom van regoor die land en Barkly Wes is omtrent die middelpunt van SA...letterlik en figuurlik!
- Ons probeer ons **kostes so laag as moontlik** te hou en maak daarom baie staat op **donateurs**.
- Die kostes vir die jaar se kamp beloop slegs **R300 per vrou** (Akkommodasie, etes en geskenk ingesluit!)
- Die koste vir die bus beloop 'n skamele **R200 per vrou (retoer!)** Dis net ons girls van Pretoria wat so bietjie ekstra gaan moet betaal aangesien die busse aanvanklik net vanaf Vanderbijlpark geloop het.
- Ons **kos is uitstekend** en Riana & Braam is verseker die beste kamp koordineerders wat ek in my lewe ontmoet het!

**Inskrywingsvorms** kan ook gedownload word van ons website: www.crossroad-ministries.co.za of vroue kan aanlyn **registreer** op hierdie selfde webstuiste...gaan net na **REGISTRATIONS** en boek jou plek sommer vandag nog!

# IS JY BEREID OM 'N VROU TE BORG?

Indien jy voel jy wil ons help om 'n vrou se lewe aan te raak met 'n groot blessing, praat met ons en borg haar! Ons sit tans met 23 vroue wat so graag wil gaan, maar dit nie kan bekostig nie. Ons beskik nie oor die finansies om almal te akkommodeer nie, maar elke donasie maak die taak op ons skouers ligter. Help ons om iemand anders te help!!

**KOM VROUE, DIE TYD LOOP UIT EN DIE PLEKKE RAAK VOL...BESPREEK SOMMER NOU!**

## Banking Details: Let it Rain 2012

**FNB Account Number:** 62291074848

**(only for internet payments. For cash or other, please use our Crossroads account as below)**

**Branch Code:** 250053

**Reference Number:** Initials + Surname + Cellnumber

Neem asb kennis dat Crossroad Gospel Message se bankbesonderhede ook verander het vanaf 20/4/2012:

***Crossroad Gospel Message (Pty) Ltd***

***First National Bank Acc nr: 62355533540, Takkode 250655***



# DANSGROEPE

Ons het profetiese dansers & groepe wat gaan optree by ons Vrouekamp en van hulle is **Shekinah van Brits**, ons eie **Yadah**, **Shekinah Bedworthpark**, **El Shaddai** en nog! Ons gaan God se Naam groot maak voor die volk en die sluise van die hemel gaan oopgemaak word!



**Hallelujah!**




# Ons gaan GROOOOOT!

Ons datum moes agv ons venue verskuif na die, maar dit gee ons nog bietjie tyd om alles 100% in plek te kry, want daar gaan baie te sien & te doen wees vir **oud en jonk, bikers en die publiek**! Hierdie is 'n **FEES** vir almal!




**Zerabi Lodge** (geleë op die N12 tussen Potch & Klerksdorp) stel vir ons hul terrein beskikbaar aangesien hierdie hele rally ten bate van **Place of Restoration** is. Vir meer inligting oor Place of Restoration, gaan gerus na ons website: www.crossroad-ministries.co.za.

**Dagbesoekers:** Die ingang vir volwassenes is slegs R30 (1 Des) en bikers kan ook 'n **staal/lap badge** koop @ R20, maar dis nie verpligtend. Kinders tussen 13-18 is R20 en onder 12 jaar is **GRATIS!** Dus kan die hele familie kom teen 'n minimale ingangs-fooitjie!

**Oornag besoekers:** Jy kan Vrydag 30 Nov @ 12:00 al inkom en jou tentjie kom opslaan vir net R50 (volle 2 dae!)

**UITSTALLERS:** Daar gaan hope **kuns & kosstalletjies** wees en indien jy graag wil uitstal, kontak ons by (018) 473 5354! Die prys vir 'n stalletjie is slegs **R250**! Daar is nog plekke beskikbaar!

**VERMAAK:** Oeeee! Ons gaan julle besig hou met net die beste! Daar gaan 'n **Skattejag Kompetisie** wees vir oud & jonk, **Idols** vir ons opkomende sangers, **Sterkman Kompetisie**, **Skyfskiet**..nie Skeefskiet nie LW!, **Battle of the Drums** vir al ons drommers, **Ring of Smoke** vir die bikers wat 'n tyre mag en kan brand, **Power Hour** vir ons getroude couples (18+), **Country Show**, **Dansers**, hope **pret vir ons kinders** en die lys gaan aan en aan....!!!!!!!!!

**"Jy raak ontslae van al jou STRESS en ons word GEBLESS!"**



# Die blou bakkie...



Die blou bakkie sal ongelukkig nie die "Power Hour" by die Mini SA God Rally kan bywoon nie omrede Ps Johan Meintjes van Vryburg besluit het dis tyd om hom bietjie te vat vir 'n goeie opknap... sodat hy weer sy pligte stiptelik kan uitvoer vir die volgende 25 jaar... Hehe!
Francois het vanoggend met Johan gepraat en die dinge roer daar in Vryburg!
**Johan doen dit in sy eie hoedanigheid en wil ook hierdeur vir Kruispad tot seën wees. Dis eintlik ons Makwassie bakkie wat ons by Place of Restoration gaan gebruik in die toekoms en is so dankbaar vir Johan en Elize se oop harte! Indien jy graag wil deel in hierdie projek, kontak gerus vir Johan by 072 257 4876. Hy mag net nie 'n ander kleur gespray word nie...hy bly BLOU! Haha!**

# Ons Kruispad Busfonds Balans!

**ACCOUNT TRANSACTION HISTORY**

| | | |
|---|---|---|
| **Name:** | CROSSROAD BUS FUND | Crossroad Bus Fund |
| **Account Nr:** | **62337860177** | (hierdie is 'n sub-rekening spesiaal vir die busfonds by FNB) |
| **Balance:** | **R69 146.00** | 1 Oktober 2012 |
| **Doelwit:** | R185 000.00 | |

Hierdie fonds is in die lewe geroep nadat die direkteure van **Newcom Fluid Management** die opdrag van God ontvang het en gehoorsaam was! Dankie Della, Francois & Nikki! Daar is baie beloftes rondom hierdie bussie en ons glo dat ons binnekort ons hele **Crossroad Crew** kan vervoer tesame met al ons klank en multi-media toerusting! Dankie vir elkeen wat bydrae tot hierdie fonds - ons staan in afwagting saam met jou om te sien wat God gaan doen! **AND ALL WILL SEE HOW GREAT IS OUR GOD!**

# Aandag ALLE Kruispad Konings!!

Ons is besig met 'n opgradering van ons **databasis** en vra dat ons konings asseblief vir ons sal inlig indien hul persoonlike details verander het bv. bankbesonderhede, getroude status, adres ens. Ons sal met ons volgende vrouekamp **balkies** oorhandig aan al ons konings wat nog nie balkies gekry het nie, maar indien jy nie vrouekamp toe kom nie, laat weet ons gerus. **Ons pos met graag jou koning balkie**!

Vir die van u wat graag meer wil weet rondom die proses om 'n Kruispad Koning te word, kontak ons gerus of besoek ons webtuiste by **www.crossroad-ministries.co.za.** Dis verseker die moeite werd en jou saad sal 100voudig na jou terugkeer!!!

# DIENSTYE / SERVICE TIMES 2012

Ons dienstye gaan so bietjie fluktueer vir die res van **2012** en ons gee graag vir julle die korrekte datums deur:

**14 & 21 October**
**4 & 11 & 25 November**
**2 & 16 December**

## Onthou! Ons deure staan oop vir almal.. biker of non-biker!

---

# Prayer of Blessings:

Father, in the Name of your Son, Jesus the Christ, I take the authority give to me by the power of Your Holy Spirit and proclaim that every person reading this will receive the following blessings if he/she stands with me in one accord and in faith.

In the Name of Jesus Christ I declare that every negative word or curse be reversed upon his/her life!
In the Name of Jesus Christ I command every Spirit of Sickness to leave his/her body right now!
In the Name of Jesus Christ I command that his/her finances will come in order and line with Your will of abundant blessings!
In the Name of Jesus Christ I bind Your Kingdom to his/her life, marriage, relationship & family!
I the Name of Jesus Christ....YOU ARE BLESSED IN EVERY ASPECT OF YOU LIFE!

**AMEN & AMEN!**

## Bid en stem ook met ons saam vir die volgende:

- God se bonatuurlike uitstorting van krag & sterkte op ons liggame, siel & gees wat ons baie nodig het.
- Volmaakte werking van God se Gees tydens ons VROUEKAMP 26-28 Oktober asook ons SA GOD RALLY 1 Desember.
- Dat ons voorbereidingswerk in lyn sal bly met God se plan en moeitevry sal verloop sonder neige skades.
- Vir voorsiening in ons finansiële behoeftes. Benodig +/- R5500 pm om ons begroting te dra vir Kruispad agv baie Kruispad Konings wat ons verloor het en nuwe projekte wat ons aangepak het.
- Vir borge vir ons Kruiskyk Uitsendings (Totale Kostes beloop R2500-R3500 p/m)
- Vir borge vir 23+ vroue vir ons Vrouekamp @ R300 p/p
- Invulling van God se WYSHEID!

**Love & Peace**

**Francois & René**

